Ingrid Jonker

Soms word daar ’n mens gebore vir wie dit net te moeilik is om by die lewe en die wêreld aan te pas. As ‘n mens na **Ingrid Jonker** se lewe kyk, lyk dit asof sy só ’n mens was. Sy het baie **intens** geleef en dinge, mense en die lewe ewe intens beleef. Omdat sy so aan mense vasgegroei het, was dit vir haar baie moeilik wanneer hulle haar teleurgestel het of wanneer ander mense nie opgetree het soos sy verwag het nie.

Sy is een van Suid-Afrika se bekendste digters, maar ‘n mens kan haar ook ’n **tragiese** figuur noem.

Gesin en kinderjare

Ingrid Jonker is op 19 September 1933 in Douglas in die Noord-Kaap gebore. Haar ma se naam was Beatrice en haar pa was Abraham Jonker. Hy was ’n koerantredakteur en vir baie jare lid van die parlement. Haar oupa en ouma aan haar ma se kant – Fanie en Annie Cilliers – het ’n groot rol in die jong Ingrid se lewe gespeel. Ingrid het een suster gehad – Anna. Ingrid het een kind gehad, ’n dogter met die naam Simone.

Anna en Ingrid het heerlike verbeeldingspeletjies gespeel oral waar hulle gewoon het. By hul huis in Durbanville het hulle ’n boomhuis gehad, en daar het hul ma en ouma altyd by die twee meisies “gaan tee drink”. Dan was hul teekoppies akkerdoppe, en hul ouma het altyd iets te ete saamgebring en haar deftige tjalie om haar skouers gedra vir dié kuier.

Volgens Anna het Ingrid toe sy vier of vyf jaar oud was, op ’n dag besluit dat hulle haar “Gousblom” moet begin noem, want sy was baie lief vir gousblomme. [1]

Die twee sussies het in die natuur baie dinge gekry om hul verbeeldingswêreld mee te ontwikkel. Hulle het veldvrugte soos appelliefies en brame gepluk, hulle het diertjies wat beseer is, gesond gedokter, paddavisse gevang en allerhande dinge soos skulpe versamel. Hulle het ook baie gespeel met allerlei optelgoed – soos vere, krale en klippies – wat hulle oral in die veld versamel het. Dit het hulle

dan hul “secrets” genoem en dit begrawe. Anna sou hare later weer gaan opgrawe, maar Ingrid het gesê hare moet vir altyd in die grond bly omdat “’n mens nie net kan vat nie, jy moet terugsit ook”. [1]

Beginjare in haar eie woorde

“Die lewe soos ek hom ken, het vir my begin op ’n afgeleë plasie in die distrik Douglas aan die Oranjerivier.

“My vader was nie destyds saam met die klein gesin nie, en my oupa Fanie Cilliers – ’n uithalergrapverteller en 15 jaar lank verlam op sy bed, maar die **geestigste** mens wat ek nog ooit geken het – het die huis regeer op sy eie **uitbundige** wyse.

“Dan was daar my ouma, klein en aandoenlike Annie Cilliers (née Retief), my moeder Beatrice en my suster Anna. Ons het op verskeie plase gewoon waarvan ek nog net sulke **welluidende** name onthou soos Klein Olyfboom.

“Die datum van my geboorte, wat ook nie ooreenstem met die doopsertifikaat nie, is sover ons weet 19 September 1933.” [1]

Belangrike gebeure en datums

Baie dinge het in Ingrid se kinderlewe en ook jongmenslewe gebeur wat ’n invloed op haar latere lewe as ’n volwassene gehad het. Uit die gebeure hier onder sien ’n mens dat byna haar hele lewe gevul was met gebeure wat emosioneel vir haar moeilik sou wees om te hanteer.

1929

Abraham Jonker (Ingrid se pa) trou met haar ma, Beatrice Cilliers. In 1931 word hul eerste dogter, Anna, gebore, en in 1933 word Ingrid gebore.

Ingrid se ouers was voor haar geboorte deel van ’n vriendekring in Kaapstad wat

baie bekende mense ingesluit het. Dit het onder andere mense ingesluit soos die digters N.P. van Wyk Louw en sy broer W.E.G. Louw, asook die bekende aktrise Anna Neethling-Pohl en haar man, Chris.

In hierdie tyd was daar reeds onmin tussen Ingrid se ouers, en kort voor haar geboorte het haar ma een nag die huis verlaat en by vriende gaan skuil. Sy het daarna na haar ouers in Douglas gegaan waar Ingrid gebore is.

1937

Ingrid se ma, Beatrice, haar ouma Annie, oupa Fanie, en die twee sussies verhuis na Durbanville in Kaapstad. Op hierdie stadium was Ingrid se ma en pa reeds van mekaar geskei.

1938

Ingrid se oupa, "Swart Fanie", sterf.

1940

Ingrid se ma, ouma, suster en sy self verhuis na die Strand. Hier gaan sy na'n laerskool in die Strand en begin in hierdie jaar kinderverse skryf.

In dieselfde jaar verhuis die groepie weer, hierdie keer na Gordonsbaai.

Ingrid se ma, Beatrice, kry 'n **senu-ineenstorting**.

1941

Ingrid se pa trou weer met Lulu Brewis.

Ingrid se ma word in 'n hospitaal in Somerset-Wes opgeneem.

Ingrid, haar ouma en haar suster verhuis weer na die Strand. In dié jaar verhuis hulle nog 'n paar keer.

1942

Ingrid begin met st. 1 (vandag graad 3) by die laerskool in die Strand.

1944

Ingrid se ma sterf. Ingrid se pa neem haar en Anna na Kaapstad waar hulle loseer.

1945

Ingrid en haar suster gaan in Januarie na die Laerskool en Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad.

Ingrid se pa verhuis met sy tweede vrou en hul twee kinders (Koos en Suzanne) saam met Ingrid en Anna na Plumstead.

1946

Ingrid slaag st. 5 (graad 7), en haar gedig "Die baba" verskyn in die *Wynberg Girls' High School Magazine*.

1947

Daar verskyn twee van Ingrid se kortverhale in *Die Jongspan*, en Ingrid slaag st. 6 (graad 8).

1949

Ingrid is 16 jaar oud. Sy stuur 'n bundel van haar gedigte met die titel *Ná die somer* in vir publikasie. Dit word nie goedgekeur nie, maar sy ontmoet die keurder en digter D.J. Opperman.

1951

Ingrid stuur weer gedigte vir D.J. Opperman, en sy slaag haar matriekjaar.

1952-1955

Ingrid trek uit haar pa se huis uit, en sy werk vir die volgende vier jaar by die uitgewery Kennis in Kaapstad, by Citadel Press, by HAUM (Hollandse Uitgewersmaatskappy), die Uitgewery Culemborg en ook by Nasionale Boekhandel.

Verskeie van haar gedigte verskyn in publikasies soos *Naweekpos* en *Die Huisgenoot*.

1956

Ingrid ontmoet verskeie skrywers en ander kunstenaars, waaronder Jan Rabie, Marjorie Wallace, Uys Krige, Jack Cope en Ernst Eloff.

Op 15 Desember trou sy met Piet Venter. Sy was 23, en Piet was 38 jaar oud. In 1957 word hul dogter, Simone, gebore.

Ingrid se eerste digbundel – *Ontvlugting* – verskyn. Sy dra dit aan haar pa op, maar hy reageer negatief toe sy dit vir hom gee.

1959

Ingrid en Piet verhuis na Johannesburg, waar hulle ’n paar keer verhuis en waar Ingrid ook kunstenaars soos Breyten Breytenbach, Kita Redelinghuys en Siegfried Mynhardt ontmoet.

1960

Ingrid verlaat Piet en verhuis terug na Kaapstad. Sy skryf steeds gedigte en lê weer ’n bundel aan D.J. Opperman voor. Hy raai haar aan om nog daaraan te werk.

1961

Ingrid se tweede digbundel – *Rook en oker* – word vir publikasie goedgekeur.

Sy is in ’n verhouding met Jack Cope. In dieselfde jaar word sy in ’n psigiatriese hospitaal in Kaapstad opgeneem.

1962

Ingrid skei van Piet Venter en word in die **psigiatriese** hospitaal Valkenburg vir **depressie** behandel.

Haar gedig “Vir Simone” verskyn in *Die Huisgenoot*, en sy doen ook vryskutwerk vir Uys Krige.

1963

Ingrid ontmoet André P. Brink, en hulle begin ’n verhouding.

Sy bots met haar pa oor sensuurwetgewing – haar pa was ’n parlementslid.

Haar tweede bundel – *Rook en oker* – verskyn.

1964

Ingrid besoek Engeland en Europa, waar sy ook tyd saam met André P. Brink deurbring.

In Junie word sy in die St. Anne-kliniek in Parys opgeneem.

1965

In hierdie jaar gebeur daar baie dinge met en rondom Ingrid. Sy word gedurende Januarie vir angs in 'n verpleeginrigting behandel. André P. Brink beëindig sy verhouding met Ingrid in April, sy breek haar been in Mei, en sy kry weer met Jack Cope – vir wie sy in Junie ook 'n selfdoodbrief skryf – te doen.

Op 19 Julie neem Ingrid haar eie lewe toe sy by Gordonsbaai in die see inloop. [1]

'n Straat in Parys wat na haar vernoem is.

Ingrid Jonker se dood

Jonker het twee keer in haar kinderjare byna verdrink: In 1938 het sy amper in die Bergrivier verdrink, en in 1940 het sy weer amper verdrink, hierdie keer in 'n plaasdam.

Uiteindelik sou Ingrid 'n waterdood sterf toe sy op 19 Julie 1965 by Gordonsbaai in die see ingeloop het. Haar dogter, Simone, was toe sewe jaar oud. [1]

Skryfwerk

Ingrid het reeds as baie jong meisie begin skryf. Haar eerste gedigte is reeds geskryf toe sy ses jaar oud was. Van hierdie gedigte is in die tydskrif *Die Jongspan* gepubliseer. [2]

Digbundels

Ingrid se eerste amptelike digbundel met die titel *Ontvlugting* het in 1956 verskyn.

Haar tweede bundel verskyn in 1963 onder die titel *Rook en oker*. Hierdie bundel het baie aandag getrek onder lesers en ook in die skrywerswêreld. Van die gedigte in die bundel is in Engels, Duits, Frans, Zoeloe, Xhosa, Persies en Hindi vertaal. Sy ontvang hiervoor die Afrikaanse Pers se toekenning vir beste boek van die jaar. Met die prysgeld, asook ’n studiebeurs van Anglo American, kon sy oorsee gaan reis.

Ná Ingrid se dood het nog twee bundels met haar gedigte verskyn: *Kantelson* in 1966 en haar *Versamelde werke* in 1975. Laasgenoemde bundel is in 1983 en weer in 1994 heruitgereik.

Ingrid was deel van ’n groep skrywers wat as die “Sestigers” bekend gestaan het. Ander skrywers wat deel van hierdie groep was, is onder andere André P. Brink, Jan Rabie, Etienne Leroux, Dolf van Niekerk, Abraham de Vries en Chris Barnard. [3]

Prosa

Ingrid is hoofsaaklik as ’n digter bekend, maar sy het ook **prosa** geskryf. Sy het ’n paar **outobiografiese** sketse, ’n kortverhaal (*Die bok*) en ’n eenbedryf (*’n Seun na my hart*) geskryf. [3]

In Ingrid se *Daad van geloof* gee sy ’n beskrywing van haar herinneringe uit haar kinderdae en die groot rol wat haar geliefde ouma Annie in haar lewe gespeel het. Hierdie wonderlike skets is slegs ’n paar dae voor haar dood geskryf. [1]

Beskrywende beelde en die natuur in Ingrid se skryfwerk

Ingrid Jonker se skryfwerk is propvol wonderlike beelde, dikwels oor die natuur. Gaan lees gerus van haar gedigte, en kyk na die pragtige beskrywings soos mens

in hierdie twee voorbeelde sien.

Opdrag

Wees jy die pad waarlangs ek weer

kaalvoet oor die dubbeldorings loop

na waar die varing en die varkblom bloei

– die gousblom kranse oor die velde knoop …

Ladybird
’n Herinnering aan my moeder

Glans oker

en ’n lig breek

uit die see.

In die agterplaas

êrens tussen die wasgoed

en ’n boom vol granate

jou lag en die oggend

skielik en klein

soos ’n liewenheersbesie

geval op my hand. [1]

Roem en bekendheid ná haar dood

Ingrid se werk leef ná haar dood sterk voort. Haar derde digbundel – *Kantelson* – het in 1966 verskyn. In 1968 het daar 'n bundel verskyn met haar gedigte in Engels vertaal onder die titel *Selected poems by Ingrid Jonker, translated from the Afrikaans by Jack Cope en William Plomer*.

Jonker het van vooraf bekend geraak toe pres. Nelson Mandela in 1994 haar gedig "Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga" tydens die opening van die nuwe parlement voorgelees het.

Talle sangers het van Ingrid se gedigte **getoonset** en gesing. Enkele voorbeelde is Laurika Rauch, Anneli van Rooyen en Chris Chameleon. Chameleon het 'n hele CD opgeneem met gedigte van Ingrid wat hy getoonset het met die titel *Ek herhaal jou*.

Talle ander digters, soos Hennie Aucamp, het ook deur die jare gedigte oor Ingrid geskryf. [1]

Briewe

In die tyd toe Jonker geleef het, was dit nog die gewoonte van mense om baie briewe te skryf. Onthou dat dit lank voor die tyd van rekenaars, e-pos en selfone was. Mense moes dus met mekaar in verbinding bly deur briewe te skryf. Baie van wat mense van Ingrid weet, het hulle in haar briewe gevind. Ook mense wat ná haar dood oor Ingrid geskryf het, het baie van hul inligting uit haar briewe gekry.

Woordbank

bundel	Versamelde gedigte.

depressie	Swartgalligheid, terneergedruktheid, swaarmoedigheid; durende sieklike emosionele neerslagtigheid.
geestige	Wat van ’n lewendige gees getuig. [4]
intens	Iets wat baie sterk gevoel of ervaar word.
loseer	Om teen betaling huisvesting te kry in ’n losieshuis of by mense in hul huis.
outobiografie	Eielewensbeskrywing.
prosa	Skryfgenre; soort skryftaal, soort taalgebruik.
psigiatriese	Sielgeneeskundig.
senu-ineenstorting	Verlies van senubeheer.
toonset	Komponeer, ’n gedig op musiek plaas.
tragiese	Wat met ’n tragedie verbandhou.
uitbundige	Opgewonde, lawaaierig, uitgelate, luidrugtig.
welluidende	Welklinkend; klankryk, klankvol.

Kyk en luister dié om meer te leer

Luister na gedigte van Ingrid Jonker wat getoonset is

Disselblom sing Ingrid Jonker se “Valkenburg”.

Ingrid Jonker lees haar bekende gedig “Bitterbessie dagbreek” voor

Anneli van Rooyen sing haar toonsetting van Ingrid Jonker se “Bitterbessie dagbreek”